**Engele is dienende geeste**

**Heb 1:14**

**20 Februarie 2022**

1. Die verhewendheid van die Seun:
    a. Hy is die Verlosser wat geregtigheid bewerk het (Heb 1:3)
    b. Hy maak die Vader bekend (Heb 1:1-2, 3, 5, 9)
    c. Hy is die Skepper, Onderhouer en Erfgenaam van alles (Heb 1:2, 10, 3, 11-12, 2)
    d. Hy is die ewige Koning (Heb 1:3, 13, 8)
    e. Hy is God (Heb 1:8) en Here (Heb 1:10) en mens (Ps 102)
    f. Hy is onveranderlik (Heb 1:12) en die Eersgeborene (Heb 1:6)
    g. Hy is verhewe bo die engele (Heb 1:4, 7, 6)
2. Engele is dienende geeste (Heb 1:14)
    a. "hulle" – "engele"
    b. Engele is geestelik en dienend, word uitgestuur – nie heersend nie (vgl Heb 1:13)
    c. Engele dien die wat die saligheid sal beërf – selfs al is hulle sulke indrukwekkende wesens (vgl Op 5:11-12, Heb 1:7) en die mense wat hulle dien sondaars (vgl Mat 4:11).
    d. Wat leer ons van die mense wat so deur die engele gedien word?
        i. "saligheid" = erfenis = voltooiing van verlossing (1 Tess 5:8-9, Heb 9:28, 1 Pet 1:3-4)
        ii. Wetlike basis vir hierdie erfenis – God se verbond. Trustees: Heilige Gees in ons, en ook die engele
        iii. Is engele meer verhewe as gelowiges?
            - Tans in 'n sekere sin: sondeloos, vermoëns bo die van 'n mens
            - Einddoel vir gelowiges: sondeloos, kinders van God, mede-erfgename saam met die Seun, priester-konings – meer verhewe as die engele
    e. Hoekom dien die engele die gelowiges?
        i. Deur hulle diens demonstreer engele hulle gehoorsaamheid aan God
        ii. Deur hulle diens leer hulle meer van God se genade en liefde (soos God dit bewys aan gelowige sondaars)
        iii. Hoofrede: Konstruktiewe rol om werk van Seun in gelowiges te bevorder deur gelowiges te bewaar
    f. Hoe dien die engele die gelowiges
        i. Beskerm gelowiges teen gevare (2 Kon 6:15-17, Gen 19:14-17, Dan 6:22, Hand 5:17-19, 12:6-9), veral vergrype deur die duiwel (Ps 91:11-12)
        ii. Dra gelowiges na sterwe hemel toe (Luk 16:22)
3. Opsommend
    a. Die Seun sit Sy werk in gelowiges voort deur die Heilige Gees wat hulle lei in heiligmaking, maar ook
    b. deur die engele wat hulle bewaar teen gevare en vergrype van die duiwel,
    c. selfs sonder dat gelowiges noodwendig bewus is van die werk van die engele,
    d. wat hulle ook hemel toe sal dra na hulle afsterwe,
    e. waar die engele ook saam met die gelowiges die lof van die Here sal besing.